VENTER, J J. 2013. COMTE OOR TAAL

COMTE, A. Système de politique positive (uit bande II en III; 1851-54). (Uittreksels)

Teks in Frans geselekteer deur Jean-Marie Tremblay
http://www.uqac.uquebec.ca/zone30/Classiques_des_sciences_sociales/index.html

Gebruik op 22-12-2012

Hoofstuk IV 1
Taal : ‘n sosiologiese probleem 1

Definisie van taal 1
- Teken en taal 1
- Vrywillige en onvrywillige taal 1

Verskillende spesies van taal 2
- Mimiek en musiek 3
- Musiek en poësie 4
- Poësie en prosa 5

Funksies van taal 5
- Taal en sentiment 5

Taal en denke 7

Taal en samelewing 8
- Hoe die samelewing die taal skep 9

Dit is tans nie vir my moontlik om kommentaar op hierdie teks te skrywe nie. Belangrik is wel om te onthou dat Comte sy opleiding gedurend Franse Rewolusiejare gehad het, en sterk deur die tegnisisme daarvan beïnvloed is. Hy was tydgenoot van Marx en Darwin.

In die teks kom enkele terme voor wat van belang is:

- Kollektief: Comte kom volgens sy eie bevestiging uit die Aristoteliese tradisie, en naamlik uit die semi-mistieke fase van Aristoteles. Hiervolgens is die mens materieel, maar sy sielsgedeelte het deel aan ‘n kollektiewe gees wat oor geslagte die kultuur voortdra. By Comte is die kollektiwiteit gesetel in die taal. Dit mag iets verklaar van latere mistieke taal- of teksbeskouings.

- Sentiment: Blaise Pascal het geworstel met die vraag hoe hy die geloof bo die rede kon stel. Hy vind dus ‘n sentrale orgaan, die ‘hart’, waarin die sentiment as kenbron die hele lewe beheers. Hume vind rede en sintuie te ver uit mekaar. Omdat hy elitisties gedink het, wou hy nie aanvaar dat gewone mense rasioneel oor kuns en etiek dink nie. Hy gebruik ‘sentiment’ as bemiddelaar tussen sintuie en rede vir die praktiese lewe minstens. Auguste Comte gaan enersyds terug na Pascal – sentiment is by hom ‘n religieus-morele funksie van die ‘hart’, waardeur die mensheid mistiek-kollektief verenig word tot ‘n godheid. Die intellek word by hom die bemiddelaar.
- Instink: Ons vind die term ook by Turgot en Kant. Comte hoort tot die semi-spiritualistiese ewolusieleer. Hiervolgens omvat die gees die biotiese, die psigiese, die intellektuele en die morele. Die materiële is uitgesluit – Comte sien (dualisties) materie en lewe as twee oergegewens. Die ewolusionêre proses is ‘n proses wat vanuit die biotiese opwaarts ontsluit, volgens die strukturele wette van elke vlak. Instink word daaruit gebore, en taal is dan oorspronklik deel van die simpatieke instinkte. Die onderskeid tussen simpatiek en haatlik op hierdie vlak gaan terug op Turgot, wat die passies so verdeel het.